

3. Ontstaan en karakter van die duiwel

1. Hoekom het God die duiwel geskep?

"en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,"

Efesiërs 3:9

"want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape."

Kolosense 1:16

Antwoord: Aangesien Jesus alles geskape het, het Hy ook die engele wat die sonde in die heeal ingebring het, geskep. Maar hoe is hulle geskep? God is nie 'n diktator nie, en het almal geskep met 'n vrye keuse om te kan kies tussen reg en verkeerd. Hoe is die een wat ons ken as die duiwel en satan dus geskep?



2. Wat was satan se naam voordat hy gesondig het?



"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies!"

Jesaja 14:12

"How art thou fallen from heaven, O Lucifer, son of the morning! how art thou cut down to the ground, which didst weaken the nations!"

Isaiah 14:12

Antwoord: Hy was die "môrester, seun van die dageraad" genoem.

3. Wat was sy posisie in die hemel?

"Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. "Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weê van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is."

Esegiël 28:12-15

Antwoord: Hy was 'n gerub wat beskut



4. Wat en waar was die gérubs?



"Die HERE is Koning; laat die volke bewe! Hy troon op die gérubs; laat die aarde sidder!"

Psalms 99:1

"The LORD reigneth; let the people tremble: he sitteth between the cherubims; let the earth be moved"

Psalms 99:1

Antwoord: Hy was 'n gérub wat beskut. Een engel staan links en een regs van God se troon. Lucifer was een van hierdie engele. Sy skoonheid was vlekkeloos en asemrowend. Sy wysheid was perfek. Sy hele wese het gegloei.

5. Waar het die duiwel vandaan gekom?

"En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp."

Openbaring 12:9

"Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."

Lukas 10:8

Antwoord: Hy is uit die hemel neergewerp op die aarde



6. Wat het lucifer se val veroorsaak?



"Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. "

Esegiël 28:17

"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde."

Jesaja 14:13

Antwoord: Lucifer wou bo ander uitstyg en oor hulle heers, selfs oor God! Trotsheid, jaloesie, ontevredenheid, en self-verheerliking het in sy lewe te voorskyn gekom. Hy het besluit om te probeer om God te onttron en dan te eis dat almal hom aanbid. Hoekom is aanbidding so 'n groot ding? Aanbidding is die bepalende faktor in die stryd tussen God en satan. Die mens is geskape om gelukkig en vervuld te wees alleenlik wanneer hulle God aanbid. Nie eens die ongevalle engele in die hemel mag aanbid word nie.

"En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n medediensknege van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God." **Openbaring 22:8-9.**

Satan het na aanbidding gesoek in die begin. Eeue later, toe hy Jesus in die wildernis versoek het, was aanbidding nog steeds die strydpunt. "Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Matthéús 4:8-10

In hierdie laaste dae, roep God ons opnuut om Hom alleen te aanbid. Dit maak satan so woedend dat hy sal probeer om mense te dwing om hom te aanbid, of anders gedood te word.

"En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie."

Openbaring 13:15

7. Wat was nou die gevolg van die oorlog?

"En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp."

Openbaring 12:7-9

"en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het."

Openbaring 12:4

"En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;"

Judas 1:6

Antwoord: Dit het 'n opstand in die hemel veroorsaak. God het geen keuse gehad as om "die môrester" en sy engele uit die hemel te verban. Nadat hy en sy engele uit die hemel gewerp is, word hy toe genoem satan (teenstander) en duiwel (lasteraar). Satan, die teenstander van God, het 'n duiwel van homself gemaak.



8. Waar het sonde dus ontstaan en deur wie?



"Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek."

1 Johannes 3:8

Antwoord:

Satan, wat ook die duiwel genoem word, is die oorsprong van sonde. Verbasend genoeg het sonde in die hemel ontstaan!

9. Satan se name en karakter

"Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon." **Openbaring 2:10, 13**

"En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."

Openbaring 12:9, 10

Antwoord:

Satan word 55 keer spesifiek genoem in Openbaring en daar word tientalle kere indirek na hom verwys terwyl hy deur sy agente werk om God se werk en Sy volk te vernietig. Van satan se karakter sê Johannes: Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." **Johannes 8:44**



10. Waar is satan se hoofkantoor en hoe voel hy oor ons?



"Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het."

Job 2:2

"Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."

Openbaring 12:12

"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."

1 Petrus 5:8

Antwoord: In teenstelling met wat algemeen geglo word vandag is satan se hoofkantoor die aarde op die oomblik, en nie die hel nie. God het aan Adam en Eva heerskappy oor die aarde gegee. "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Genesis 1:26. Toe hulle gesondig het, het hulle hierdie heerskappy aan satan afgestaan. "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"

Romeine 6:16

11. Hoe ver sal satan gaan om mense te verlei?

"Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke."

2 Korinthiërs 11:13-15

Antwoord:

Satan doen hom selde as 'n bose wese voor. Hy kom gewoonlik vermom as 'n vriend, of selfs as 'n Christelike werker. Dit betrap mense onverhoeds en mislei hulle.



12. Kan satan werklik wonderwerke verrig?



"Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God."

Openbaring 16:14

Antwoord: Hy doen beslis wonderwerke.

13. Hoe doeltreffend is sy wonderwerke?

“Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.”

Matthéüs 24:24

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”

Matthéüs 7:21-23

Antwoord:

Satan is so doeltreffend dat baie in die oordeelsdag sal dink dat hulle gered is, terwyl hulle verlore is. Hy het 'n derde van die engele (Openbaring 12:3-9), Adam en Eva (Genesis 3), en almal behalwe 8 mense in Noag se tyd (1 Petrus 3:20) oortuig. Omtrent die hele wêreld sal hom volg (Openbaring 13:3). Min sal gered word (Mattheus 7:14, 22:14).



14. Sal satan die skrif aanhaal om te mislei?



“Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.”

Matthéüs 4:1,5,6

Antwoord:

Ja, hy het die skrif aangehaal toe hy Jesus versoek het. Om die skrif te misbruik, is satan se beste wapen!

Hy haal hier Psalm 91:12 aan

Die geveg wat in die hemel begin het is nog nie verby nie. Die aarde het nou die terrein geword waar die stryd tussen goed en kwaad geveg word. Dit is waar die satan sy tipe regering sal demonstreer en sal wys hoe om die wêreld te bestuur.

Terwyl God liefde aan alle mense betoon, is daar 'n ander mag aan die werk, wat rampe, tragedie, dood en siekte in die lewens van God se kinders bring.

Daar is die dae van God en die dae van die duiwel. Ons moet seker maak wie vir die dae verantwoordelik is.



15. Wie is verantwoordelik vir al die tragedies en hartseer in die wêreld?



“En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duivel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.”

Matthéüs 13:27, 37-39

Antwoord: In die wêreld is daar baie hartseer, tragedie en lyding. Mense balameer God daarvoor. Dikwels vra die mense: “Hoekom het God dit aan my gedoen.” Wat sê die Bybel? Wie is regtig verantwoordelik vir al hierdie tragedies? Die vyand wat die “onkruid” saai is die duivel. Hy veroorsaak die probleme om die aarde.

16. Hoekom juis ons planeet?

“want ons het ’n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.”

1 Korinthiërs 4:9



17. Hoe sou Adam en Eva se lojaliteit getoets word?



“En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.”

Genesis 2:16.17

“Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ’n lus was vir die oë, ja, ’n boom wat ’n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.”

Genesis 3:1-6

Antwoord: Die duivel het geskimp dat God onregverdig is, dat Hy iets goeds van hulle terughou. Om soos God te wees was die satan se begeerte en sy val. Nou het dit vir Eva ook goed geklink, en sy het ook geval. Hulle het nie die toets van liefde en lojaliteit geslaag nie. Satan het so die nuutgebore wêreld geskaak! Van daardie oomblik af dra hy die titel “prins van hierdie wêreld.” Hy is die owerste van ’n planeet in rebellie.

18. Wat was nou die gevolg van hulle oortreding?

"Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet."

Genesis 3:9-13

Antwoord:

Adam en Eva was nooit bang nie, maar dit is wat sonde doen. Dit maak 'n mens selfs vir God bang. 'n Paar uur vroeër was Adam gewillig om saam met Eva te sterf. Nou blameer hy haar en vir God wat haar geskape het. Maar Eva het dieselfde gedoen. Sy blameer ook nou vir God. Die slang wat God gemaak het, het haar in die moeilikheid gebring. Sonde vernietig volmaakte liefde! Toe is hulle verdoem om te sterf. God het hulle uit die tuin verban sodat hulle nie meer van die boom van die lewe sou eet nie. Die duiwel het gesê dat hulle nie sou sterf nie. Maar wat sê die Bybel: "So was dan al die dae van Adam wat hy geleef het, nege honderd en dertig jaar, en hy het gesterwe." **Genesis 5:5**



19. Wie was verantwoordelik vir die vrou in Lukas 13 se krankheid?



"En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmeekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie. En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos. Maar die owerste van die sinagoge, wat verontwaardig was dat Jesus op die sabbat genees het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op dié dae en laat julle genees en nie op die sabbatdag nie. Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan — dink daaraan! — agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?"

Lukas 13:11-16

Antwoord:

Die vers sê dat die satan haar vir 18 jaar lank gebind het.

21. 20. Wie het Job geteister?

"En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad. En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het—waarlik, hy sal U in u aangesig seën! Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE."

Job 1:8-12

"Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe; maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan—waarlik, hy sal U in u aangesig seën! En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel."

Job 2:4-7

"By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie,"

Job 1:22



Antwoord:


Eerstens: Die Sabeërs het Job se beeste en esels geroof en sy dienaars gedood.

Tweedens: Weerlig het al die skape en skaapwagters doodgeslaan.

Derdens: Die Chaldeërs het al Job se kamele geroof en sy dienaars vermoor

Vierdens: 'n orkaan het Job se oudste seun se huis vernietig en al tien kinders het omgekom.

Daarna het satan nog 'n versoek. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel.



Wie het Job so geteister?

Wie het sy vee geroof en sy diensknegte gedood?

Wie het die orkaan gestuur om sy seuns en dogters te vernietig?

Dit was die satan!

Die Here mag toelaat dat ons liefde en lojaliteit deur krisis getoets word, maar SATAN is die skuldige, wat vir al die boosheid op aarde verantwoordelik is.

Ons is in die middel van 'n stryd tussen gesag en wetteloosheid, tussen die Skepper en die satan. Ons is nie toeskouers nie. Ons is betrokke, of ons wil of nie. Al doen die satan ook die ergste, die God van die skepping het 'n plan van herskepping, deur Sy Seun Jesus. Sy Seun wat gewillig was om te sterf om ons skuld te betaal sodat ons vir ewig kan lewe!

Die satan het deur koning Herodus gewerk om die Christuskind te vernietig.

HY IS VERSLAAN

Vermom as 'n engel van die hemel, het die satan na Jesus in die woestyn met drie groot versoekings gekom.

HY IS VERSLAAN

Die satan het deur die skare gewerk om Jesus by Golgota te vernietig.

HY IS VIR EWIG VERSLAAN.

Al was daar 'n Golgota, daar was ook 'n opstanding! Golgota het ons lot verander. Dit was die uur van oorwinning, 'n dag wat vir al die gevangenis van die duiwel op aarde, vryheid beteken het.

Op daardie dag het die satan 'n oorwonne vyand geword.

Deur Sy dood en opstanding het Christus die reg verdien om boosheid en leiding te vernietig.

satan het voor die hele heelal gewys watter soort wese hy is. En hy wys nog steeds hoe hy die wêreld sal regeer. Orkane, aardbewings, vloede, misdaad, siekte, hartseer en pyn. Ons sien dit elke dag. Agter alles is die bonatuurlike werkinge van die satan. Hierdie tragedie is nie handeling van God nie.

Hulle is handeling van die duiwel.

21. Wanneer en hoe ontvang die satan sy straf?



"Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geweens wees en gekners van die tande." **Matthéüs 13:40-42**

"Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." **Matthéüs 25:41**

"En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is;" **Openbaring 20:10**

"Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme onheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het." **Esegel 28:18**

Antwoord:

Die duiwel word in die poel van vuur gegooi op die aarde aan die einde van die wêreld. Die vuur sal hom verteer tot as en hy sal vir ewig nie meer bestaan nie.

Die vuur sal ook alle sondaars vernietig. In hierdie gebeurtenis sal nie een wat aan God se kant is, sterf nie, en nie een wat aan satan se kant is, oorleef nie.

22. Hoe maak ek seker dat satan my nie mislei nie?

"Tot die wet en tot die getuies! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."

Jesaja 8:20

"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was."

Handelinge 17:11

"en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. ... En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid."

2 Thessalonisense 2:10-12

Antwoord:

Wees versigtig wat jy glo. Lewe en dood is op die spel. Toets ALLES aan die woord van God!



23. Wie maak die finale verdelging van sonde 'n sekerheid?



"Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek."

1 Johannes 3:8

"Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was."

Hebreërs 2:14, 15

Antwoord:

Jesus kom gou. Nie as 'n nederige Galileër nie, nie as een wat gespot word nie, of op gespoeg of verloën word nie. Nie as Een wat aan die kruis hang nie, maar as Koning van die konings en Here van die here, met die reg om te regeer.

Ons moet gereed wees om Hom te ontmoet, want as ons dit misloop, mis ons alles!

Aan wie se Kant is ons?

Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	dievollewaarheid@gmail.com
Christiana, 2680			